



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ [www.saexampapers.co.za](http://www.saexampapers.co.za)

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**VERBRUIKERSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2013**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | **X** | C | D | (1) | *Onthou* LU12.1.2 |
| 1.1.2 | **X** | B | C | D | (1) | *Onthou* LU12.1.2 |
| 1.1.3 | A | **X** | C | D | (1) | *Toepassing* LU12.1.2 |
| 1.1.4 | A | B | **X** | D | (1) | *Onthou* LU12.1.2 |
| 1.1.5 | A | B | C | **X** | (1) | *Toepassing* LU12.1.1 |
| 1.1.6 | **X** | B | C | D | (1) | *Verstaan* LU12.1.1 |
| 1.1.7 | A | B | C | **X** | (1) | *Verstaan* LU12.1.1 |
| 1.1.8 | A | **X** | C | D | (1) | *Verstaan* LU12.2.7 |
| 1.1.9 | A | B | **X** | D | (1) | *Verstaan* LU12.2.5 |
| 1.1.10 | A | B | C | **X** | (1) | *Onthou* LU12.2.5 |
| 1.1.11 | **X** | B | C | D | (1) | *Onthou* LU12.2.7 |
| 1.1.12 | A | **X** | C | D | (1) | *Onthou* LU12.2.5 |
| 1.1.13 | A | B | **X** | D | (1) | *Verstaan* LU12.2.5 |
| 1.1.14 | **X** | B | C | D | (1) | *Verstaan* LU12.2.5 |
| 1.1.15 | A | B | **X** | D | (1) | *Onthou* LU12.2.5 |
| 1.1.16 | A | **X** | C | D | (1) | *Onthou* LU12.2.4 |
| | | | | | **16** | |

### VRAAG 1.2

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | A | **X** | C | D | E | F | (1) | *Onthou/Verstaan* LU12: 2.1 |
| | i | **X** | iii | iv | v | vi | (1) | |
| 1.2.2 | **X** | B | C | D | E | F | (1) | *Onthou/Verstaan* LU12: 2.1 |
| | i | ii | iii | **X** | v | vi | (1) | |
| 1.2.3 | A | B | C | D | **X** | F | (1) | *Onthou/Verstaan* LU12: 2.1 |
| | i | ii | iii | iv | v | **X** | (1) | |
| 1.2.4 | A | B | C | **X** | E | F | (1) | *Onthou/Verstaan* LU12: 2.1 |
| | i | ii | iii | iv | **X** | vi | (1) | |
| | | | | | | | **8** | |

**VRAAG 1.3**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3 | A | B | **X** | **X** | E | **X** | **X** | H | (4) | *Verstaan* LU12: 2.3 |
| | | | | | | | | | **4** | |

**VRAAG 1.4**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4 | A | **X** | C | D | **X** | **X** | G | **X** | (4) | Verstaan LU12: 2.3 |
| | | | | | | | | | **4** | |

**VRAAG 1.5**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Kosteberekening | (1) | *Onthou* LU12: 4.3 |
| 1.5.2 | Gelykbreekpunt/Winsdrempel | (1) | *Onthou* LU12: 4.3 |
| 1.5.3 | Bemarkingsamestelling/Bemarkingsresep | (1) | *Onthou* LU12: 4.2 |
| 1.5.4 | Kapitaal | (1) | *Onthou* LU12: 4.2 |
| 1.5.5 | Begroting | (1) | *Onthou* LU12: 4.2 |
| 1.5.6 | Teikenmark | (1) | *Onthou* LU12: 4.2 |
| 1.5.7 | Logo | (1) | *Onthou* LU12: 4.2 |
| 1.5.8 | Oorhoofse/Indirekte koste | (1) | *Onthou* LU12: 4.3 |
| | | **8** | |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 Die glukemiese indeks (GI) rangskik voedsel op 'n skaal van 0–100✓, volgens hul werklike invloed op bloedglukosevlakke ✓ (2)
*Onthou* LU 12.2.1

2.1.2 Die immuunstelsel✓reageer op voedselproteïene wat gewoonlik skadeloos is✓ wat die liggaam dan verkeerdelik as skadelik identifiseer. (2)
*Onthou* LU 12.2.1

2.1.3 Wanvoeding is 'n algemene term vir 'n toestand wat veroorsaak word deur 'n onvoldoende dieet✓ /waar daar 'n tekort aan nutriënte is, bv. proteïene/vitamiene/spoorminerale✓ (2)
*Onthou* LU 12.2.1

2.2 2.2.1

- Waarneembare/uitermatige/geweldige gewigsverlies/word baie maer ✓
- Dra oorgroot klere om tekens van gewigsverlies te verberg✓
- Selfuithongering/neem baie min voedsel in/weier om te eet✓
- Eet nie voor ander mense nie✓
- Oormatige oefening/doen uitputtende of veeleisende oefening✓
- Raak van voedsel ontslae deur vomering✓
- Verwronge liggaamsbeeld/glo en beskou hul liggaam as groter as wat dit werklik is/dink hulle is vet al is hulle baie maer✓
- Obsessie om maer/slank te wees✓
- Werklike vrees om vet te word/gewig op te tel ✓
- Praat aanhoudend oor kos en/of gewig✓
- Droë vel en hare ✓
- Fyn haartjies wat op gesig en liggaam groei✓
- Is depressief/buierig ✓
- Wil nie sosialiseer nie ✓ (Enige 4) (4)

LET WEL: Tekens moet sigbaar wees, dus is hardlywigheid nie aanvaarbaar nie
*Onthou* LU 12.2.1

2.2.2

- Maer/slanke mense word dikwels in rolprente/TV-reekse/ advertensies/modetydskrifte/modevertonings gebruik ✓
- Hierdie mediasterre (soos hierbo word beskou as rolmodelle✓
- Jongmense word blootgestel aan baie verskillende soorte media✓
- Dit lei tot die persepsie/siening dat om maer te wees die norm is/maer is mooi ✓
- Jongmense dink dat hulle maer moet wees om aanvaar te word/te konformeer✓
- Gevolgtrekking/afleiding: Die media is gedeeltelik te blameer vir die voorkoms van anorexia in jong volwassenes, omdat hulle gedurig blootgestel word aan inligting dat dit goed is om maer te wees ✓ (3)

LET WEL: Twee punte vir die redes en een punt vir die gevolgtrekking *Toepassing* LU 12.2.1

2.3 2.3.1
- Jellie en vlasous ✓
- Het 'n hoë suikerinhoud/62,7 g ✓ wat 'n skielike, vinnige styging in die bloedglukosevlak sal veroorsaak ✓ (3)

*Toepassing* LU 12.2.1

2.3.2
- Gluten ✓omdat die brood heel waarskynlik van koringmeel gemaak is✓
- Proteïen ✓ in die eier✓ (4)

*Verstaan* LU 12.2.1

2.3.3 Keuse:
- Groen slaai✓ (1)

Motivering:
- Minste kilojoules/679 kJ✓
- Nie die laagste vetinhoud nie maar 'n relatief lae vetinhoud in vergelyking met ander voedsel✓
- Nie die hoogste veselinhoud nie maar 'n relatief hoë veselinhoud in vergelyking met ander voedsel ✓
- Vesel help om jou te vul/bevorder 'n gevoel van vol/versadig wees ✓
- Baie lae suikerinhoud/0,1 g ✓ (Enige 3) (3)

LET WEL: Een punt vir die keuse en enige drie punte vir die motivering

*Toepassing* LU 12.2.1

2.3.4 Geroosterde kaas-, eier-, en tamatietoebroodjie het 'n hoër totale vet-✓ en veselinhoud.✓

Redes:
- Kaas bevat meer vet as hoender ✓
- Tamatie verskaf vesel ✓ (4)

*Verstaan (2) Toepassing (2)* LU 12.2.1

2.3.5
- Hierdie maaltyd/ keuse is geskik omdat dit nutriënte bevat wat die immuunstelsel sal versterk✓ bv.
- Vitamien C in die tamatie✓en lemoensap✓ wat die risiko van infeksies verminder✓
- Vitamien A/Karoteen in die lemoensap✓wat help om die slymvliese gesond te hou✓
- Proteïen in die beesvleiskoekie 'patty'✓ help om spierweefsel te bou✓
- Brood sal energie verskaf en die persoon sal gewig optel/ aansit✓
- Margarien/botter/olie verskaf energie✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan* LU 12.2.1

2.3.6 Risikofaktore vir die ontwikkeling van koronêre hartsiektes is:

- Vetsug ✓, hoë bloeddruk/hipertensie ✓hoë cholesterolvlakke✓
- Tweede hoogste kilojoulewaarde/verskaf 2 739 kJ ✓ wat kan lei tot vetsug✓
- Hoogste totale vetinname/48,3 g ✓ wat kan lei tot vetsug ✓ en hoogste cholesterol ✓
- Hoogste versadigde vetinname/17,99 g ✓ wat kan lei tot hoë bloedcholesterolvlakke ✓omdat versadigde vette bloedcholesterolvlakke verhoog✓
- Hoogste cholesterolinname/96 mg ✓wat kan lei tot verhoogde bloedcholesterolvlakke ✓
- Hoogste natriuminhoud/1 205 mg ✓ wat kan lei tot verhoogde bloeddruk/hipertensie ✓ (Enige 8) (8)

*Evaluering* LU 12.2.1

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

## VRAAG 3

3.1 Jy betaal rente/ekstra geld/ekstra uitgawes vir die gerief om 'n artikel/item te gebruik wat nog nie ten volle betaal is nie✓ (1)
*Onthou* LU12.1.2

3.2
- Neigings word deur ontwerpers aan modeleiers✓/'n spesifieke groep mense bekend gestel wat hierdie klere dan dra, dit word later 'n modeneiging ✓
- Sosiale sterre/modelle/sportsterre/modeleiers dra dit✓/maak dit gewild/en die style word nageboots✓
- Dan word dit in media geadverteer✓ /tydskrifte/winkeltydskrifte/koerant/ internet/films/TV/modejoernaliste/verslaggewers✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan* LU12.2.4

3.3
- 'n Verhoging in die petrolprys sal modeneigings vertraag/negatief beïnvloed✓
- Pryse van mode-items sal verhoog/toeneem/duurder word✓ omdat die vervaardigers meer sal moet betaal vir die vervoer van grondstowwe en die finale produkte✓
- Mense sal minder geld hê om op modeneigings te spandeer✓ omdat hulle meer vir petrol moet betaal/mode sal 'n luukse word✓ (Enige 4) (4)

*Analiseer* LU12.2.4

3.4 3.4.1

| (a) VIER stappe in klerekasbeplanning | (b) Voorbeelde uit die scenario |
|---|---|
| 1. behoeftebepaling ✓ | 1. Vergelyk eie klerekas met die maatskappy se kleredragkode✓ |
| 2. evaluering van bestaande klerekas ✓ | 2. Bestudeer hul eie klerekaste✓ |
| 3. ondersoek hulpbronne ✓ | 3. Het nie geld nie. Cheryl kan klere-items by haar suster leen✓ |
| 4. beplanning ✓ (4) | 4. Cheryl besluit op items vir ongeveer 5 uitrustings/Patrick besluit op 4 T-hemde en 3 paar jeans✓ (4) |

(8)

*Verstaan en Toepassing* LU12.2.3

3.4.2 (a) T-hemde✓ of baadjie✓ of jeans✓ of gholfhemde ✓ (Enige 3) (3)
*Onthou* LU 12.2.4

(b)
- Klassieke style hou of bly langer/word oor 'n lang periode of tyd gedra
- Bly gewild lank nadat ander modes uitgedien is of verdwyn het✓
- Aanvaar vir hul tydlose eienskappe/eenvoudige ontwerp/ eenvoud ✓
- Klassieke style is aanvaarbaar/geskik vir die meeste mense✓
- Klassieke style word beskou as goeie smaak✓ (Enige 2) (2)

*Toepassing* LU 12.2.4

(c)
- Vernuwing/Bekendstelling:✓die nuwe mode-item word aan die mark bekendgestel/die mode is duur/min mense/sosiale sterre/ikone dra die mode✓
- Toename/Opkoms:✓ Die mode word al hoe meer gewild omdat meer mense dit koop/massaproduksie van die items lei tot prysverlaging/vermindering in prys✓
- Hoogtepunt/Versnelling:✓ Tydens hierdie stadium bereik mode die toppunt van gewildheid/populariteit omdat baie mense dit dra✓
- Afname:✓ Die klassieke style is tydloos en verloor nie gewildheid/populariteit in die fase nie, dus is daar nie juis 'n afname nie/ of die afname is baie stadig in die geval van klassieke style✓
- Veroudering/Uit die mode:✓ vertraag/verouder nooit werklik nie/ gaan nooit regtig uit die mode nie✓ (10)

*Onthou en Toepassing* LU12.2.4

3.4.3 **Patrick se klerekas**

- Patrick se klerekas is funksioneel✓ omdat hy skoon en netjies sal lyk✓ en hy die maatskappy se kleredragkode volg✓
- Hy sal in staat wees om 'n ander uitrusting✓ vir elke dag van die week✓ saam te stel
- Hy het funksionele en gemaklike klere/aangenaam ('pleasing') om werk toe te dra✓
- Hy het 'n basiese kern van klassieke style✓
- Items kan gemeng en gepas/gekoördineer word✓
- Hy het meer bostukke as broeke✓

**OF**

**Cheryl se klerekas**

- Cheryl se klerekas is funksioneel✓ omdat sy skoon en netjies sal lyk✓ en sy die maatskappy se kleredragkode volg✓
- Sy sal in staat wees om 'n ander uitrusting✓ vir elke dag van die week✓ saam te stel.
- Sy het funksionele en gemaklike klere/aangenaam ('pleasing') om werk toe te dra✓
- Sy het 'n basiese kern van klassieke style✓
- Items kan gemeng en gepas/gekoördineer word✓
- Sy het meer bostukke as rompe en broeke✓ omdat sy nie die kortbroek werk toe kan dra nie✓
- Sy kan ook nie die rok met dun bandjies werk toe dra nie ✓

(Enige 8) (8)

*Evaluering* LU12.2.3

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING

### VRAAG 4

4.1 4.1.1 'n Titelakte✓ (1)
*Onthou* LU12.2.5

4.1.2 Die man in wie se naam die huis geregistreer is✓ (1)
*Onthou* LU12.2.5

4.1.3
- Om die terme en voorwaardes te verstaan/wetlike implikasies van die kontrakooreenkoms te verstaan✓
- Om na te gaan/te verseker dat klousules wat nie van toepassing is nie uit die kontrak verwyder/geskrap is.✓
- Om ingelig te wees rakende sy/haar regte en verantwoordelikhede as 'n huurder✓
- Om ingelig/bewus te wees van die regte en verantwoordelikhede van die verhuurder✓
- Ken die reëls en beperkinge waaraan hy/sy gehoor moet gee✓
- Weet hoeveel die huur is/wat die bedrag is wat betaal moet word
- Weet op watter dag dit betaal moet word✓
- Weet hoe lank die huurtydperk/periode is✓
- Ken en verstaan die klousules wat verband hou met kennis gee voordat daar getrek kan word✓ (Enige 4) (4)

*Onthou* LU12.2.6

4.1.4
- Veiliger as in 'n vrystaande woning op 'n aparte erf✓
- Die verantwoordelikheid rondom sekuriteit/veiligheid word gedeel✓
- Besparing op die onderhoud van 'n groter eiendom en tuin✓
- Plesier van gemeenskaplike areas aangesien dit nie persoonlik onderhou word in deeltitel eienaarskap nie✓
- Gewoonlik nader geleë aan winkels/dokters, ens./ander geriewe as vrystaande wonings✓
- Koste rakende belasting mag minder wees as die van 'n enkelwoning/vrystaande huis✓
- Die verantwoordelikheid om die eiendom te onderhou is minder/ die regspersoon van die kompleks neem verantwoordelikheid vir die instandhouding van die eiendom✓
- Die Deeltitelwet beveilig jou belange as 'n deeltiteleienaar✓

(Enige 4) (4)

*Toepassing* LU12.2.5

4.2 4.2.1 Deeltitel ✓ (1)
*Onthou* LU12.2.5

4.2.2
- 'Die eiendomsagent sal dit vir jou finansier'✓
- Omdat die eiendomsagent slegs hulp verleen wanneer daar aansoek gedoen word om 'n huislening✓ (2)

*Toepassing* LU12.1.1

4.2.3 Advertensiestandaarde-owerheid/Nasionale Verbruikersforum (NVF)/Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANVU) ✓ (1)

*Onthou* LU12.1.1

4.3 Die eiendomsagent:

- selekteer/kies beskikbare eiendomme✓ wat voldoen aan die koper se behoeftes ✓ en finansiële hulpbronne✓
- bepaal die koper se finansiële hulpbronne/ koopkrag/hoeveelheid geld/huislening waarvoor die koper kan kwalifiseer/verwys die koper na die bes opgeleide konsultant wat die koper kan help✓
- die eiendomsagent help die koper om die koopaanbod te voltooi✓
- die eiendomsagent onderhandel tussen die koper en die verkoper✓
- help die koper met die aansoek om 'n huislening✓
- is vertroud met die administratiewe vereistes wat die proses/transaksie sal bespoedig✓ (Enige 5) **(**5)

*Toepassing* LU12.2.5

4.4 4.4.1

- 'n Formele belofte of versekering✓ dat 'n toestel sal voldoen aan 'n sekere standaard/spesifikasie/kwaliteit/duursaamheid✓
- Indien enige fout intree tydens die twee jaar-waarborgperiode sal die vervaardiger die skottelgoedwasser herstel✓ of vervang ✓teen geen koste ✓ (4)

*Onthou* LU12.2.6

4.4.2

- Lees die waarborgspesifikasies om seker te maak dat jy alle voorwaardes verstaan en weet onder watter omstandighede dit in werking tree✓
- Bespreek die waarborg met die handelaar om te verseker dat jy duidelikheid het✓
- Bly by die voorvereistes/voorwaardes van die waarborg✓
- Gebruik die toestelle dikwels terwyl die waarborg van krag is sodat moontlike probleme vroeg ontdek word✓
- Moet nooit self die toestel diens of daaraan werk terwyl die waarborg van krag is nie – alleenlik goedgekeurde diensverskaffers moet in die waarborgtyd daaraan werk✓
- Hou alle korrespondensie en kwitansies rakende die aankoop en diens van die toestel✓ (Enige 3) (3)

*Verstaan* LU12.2.6

4.4.3
- Skottelgoedwasser A ✓
- 16 borde in vergelyking met die 12 bord-kapasiteit/groter bordkapasiteit/kan meer borde neem✓
- Groter skottelgoedlaaier✓
- Het 5 programme✓
- Het 'n tweede warmspoelsiklus✓

LET WEL: Een punt vir die keuse en twee punte vir die redes.

**OF**

- Skottelgoedwasser B✓
- Dit is energiedoeltreffend✓
- Vlekvryestaal-binneruimte/sal nie roes nie✓
- Die paaiement is laer/minder/kleiner✓
- Geen deposito word benodig nie✓

LET WEL: Een punt vir die keuse en twee punte vir die redes. (3)

*Verstaan* LU12.2.6

4.4.4
- Kontant is goedkoper/afbetalingsprys is duurder. Kontantprys R3 989,00 en die afbetalingsprys is R7 924,00✓
- Daar is ekstra koste/finansieringskoste✓ betrokke by afbetalingskoop soos administrasiefooie✓, versekering-/assuransiekoste✓, deposito ✓ en rente✓ (Enige 4) (4)

*Verstaan* LU12.2.6

4.4.5
- Alhoewel albei 'n lae waterverbruikkenmerk het, het skottelgoedwasser B✓ 'n kleiner bordkapasiteit✓en sal dus minder water gebruik ✓
- Alhoewel albei 'n 'A' energieverbruikbepaling het, gebruik skottelgoedwasser B ✓ 1 500 W in vergelyking met skottelgoedwasser A se 2 000 W/Skottelgoedwasser B het die laagste energieverbruikbepaling✓
- Skottelgoedwasser B 'n beter energieverbruikbepaling/ A-bepaling teenoor AAA-bepaling vir skottelgoedwasser B✓
- Die ekstra warmspoelsiklus van skottelgoedwasser A sal energieverbruik verhoog wanneer die water verhit moet word✓
- As die toepaslike programme gekies word ten opsigte van die lading, maak die verskeidenheid van programme voorsiening vir energiebesparing by beide toestelle✓
- Verstelbare rakke in beide toestelle help met vermindering in die aantal wassiklusse, aangesien verskillende apparate/items saam gewas kan word✓ (7)

- Keuse: Skottelgoedwasser B✓

LET WEL: Een punt vir keuse en ses punte vir enige 6 redes

*Evaluering* LU12.3.4

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTERPRENEURSKAP

### VRAAG 5

5.1
- Sy het 'n besigheid begin✓en bestuur haar eie besigheid✓

**OF**

- Sy het 'n besigheidsgeleentheid raakgesien✓, het die moed gehad om dit aan te gryp/en het die vermoë om dit te bestuur✓

**OF**

- Zinzi produseer en verkoop produkte ✓ om 'n wins of profyt te maak✓

(Enige 2) (2)

*Onthou* LU 12.4.2

5.2 Die kontrak beskerm beide die werkgewer en die werknemer ✓ met betrekking tot the kontraktuele verantwoordelikhede/voorwaardes van arbeid. ✓ (2)

*Onthou* LU 12.4.3

5.3
- Jaarlikse verlof ✓
- Siekteverlof ✓
- Bevallingsverlof ✓
- Gesinsverantwoordelikheidsverlof ✓ (Enige 2) (2)

*Onthou* LU 12.4.2

5.4
- 'n Beskrywing van die produk ✓
- Beskrywing van die grondstowwe ✓
- Instruksies vir die produksie/vervaardiging van die produk ✓
- 'n Tydskedule ✓
- Kriteria vir gehaltebeheer✓ (Enige 4) (4)

*Onthou* LU 12.4.1

5.5
- Sy het vaardighede aangeleer/bekom/sy is vaardig ✓
- Sy het 'n verskeidenheid resepte en patrone uitgetoets ✓
- Sy produseer uitsonderlike produkte/produkte het 'n bedryfsvoorsprong ('competitive edge') ✓
- Sy gebruik slegs die beste grondstowwe✓
- Aangestelde werkers is meesters/vaardig/toegewyd/het 'n aanleg/is passievol✓
- Produkte is handgemaak/uniek/eksklusief ✓
- Word in klein hoeveelhede vervaardig om kwaliteit te waarborg✓
- Produkte bied egte waarde vir geld – klante waardeer die persoonlike stempel ✓
- Het 'n spesiale reeks vir Kersfees, Valentynsdag en Moedersdag ✓
- Interessante/goeie/nuut ontwerpte verpakking vir die spesiale geleenthede sal sprankel aan die geleenthede verleen ✓ (Enige 8) (8)

*Verstaan* LU 12.4.1

5.6
- Om die produkte meer aantreklik te maak/sigbaar te maak/om die produkte te adverteer✓
- Om mense bewus te maak van die produk✓
- Om meer mense aan te moedig om die produk te koop✓
- Om 'n ander (verskillende)/spesifieke teikenmark te lok✓
- Dit verleen sprankel aan die geleenthede/maak die geleenthede meer spesiaal ✓
- Die verpakking is relevant/pas by die verskillende geleenthede✓
- Enige een voorbeeld: Kersfeeskleure vir Kersfees/rooi vir Valentynsdag/ pienk vir Moedersdag✓ (Enige 3) (3)

*Analiseer* LU 12.4.1

5.7 5.7.1 Verkoopprys = produksiekoste + wins
= R30,00 ✓+ 80% ✓
= R30,00 + R24,00 ✓
= R54,00 ✓ (4)

*Toepassing* LU 12.4.3

5.7.2 Wins/R24,00✓ x 200 ✓
= R4 800,00 ✓ (3)

*Toepassing* LU 12.4.3

5.8 5.8.1
- Februarie ✓
- Mei ✓
- Desember ✓
- Zinzi het 'n spesialegeleentheid-reeks geskep ✓ geskik vir Kersfees (Desember) ✓, Valentynsdag (Februarie) ✓ en Moedersdag (Mei) ✓ (Enige 1 rede) (4)

*Onthou en Verstaan* LU 12.4.3

5.8.2 Januarie ✓

Mense spandeer baie geld in Desember gedurende die vakansie en Kersfees.✓ Mense neig dan om in Januarie minder geld te spandeer op luukshede/items wat hulle nie werklik nodig het nie ✓ (Enige 1 rede) (2)

*Onthou en Verstaan* LU 12.4.3

5.8.3
- Spesiale promosies✓ bv. Koop twee, kry een gratis✓
- Verkoop produkte teen 'n ietwat laer prys✓ as gewoonlik om kompeterend te wees✓
- Om 'n 'terug skooltoe'-promosie te hê✓ om verkope te bevorder✓ 6)

*Skep* LU 12.4.3

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou